



Patroon ontwerp deur Pingouin-ontwerpateljee

BENODIGDHEDE: Pingouin Knit-Tape Tricotine (100-g-bolle); 4(4; 5) bolle; paar breinaalde van 6 mm.

Let wel: Tensy die gemelde gare gebruik word kan Pingouin geen verantwoordelikeid vir die voltooide werk aanvaar nie.

MATE: Om borsmaat van 81(87-92; 97-102) cm te pas; ware grootte 87(97; 109) cm; lengte tot skouer 52 cm.

SPANNING: Spaar tyd deur tyd aan 'n spanningstoets te bestee. 17 steke en 26 rye = 10 x 10 cm oor patroon met 6-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); beg – begin; RK(VK) – regte(verkeerde) kant van werk; pat – patroon; gl – glip; gv – gare vorentoe; herh – herhaal; gs – glipsteek; rs – reksteek; (elke ry regs) grtgo – glip een steek, brei 1 steek regs, trek glipsteek oor; tes – tesame; g2rtgo – glip twee steke, brei 1 steek regs, trek glipsteke oor; adl agter deur lus; g2awtgo – glip twee steke asof hulle aweregs agter deur lusse gebrei sal word, brei 1 steek aweregs, trek 2 glipsteke oor; gon – gare oor breinaald.

KANTSTEEK: Word oor veelvoud van 10 plus 3 ste gebrei.

1e-5e ry: Deurgaans rs.

6e ry (VK): R1, aw1, *grn, aw3, g2awtgo, aw3, grn, aw1; herh vanaf * tot laaste st, r1.

7e ry: R3, *gv, r2, g2rtgo, r2, gv, r3; herh van * tot einde.

8e ry: R1, aw3, *gv, aw1, g2awtgo, aw1, grn, aw5; herh van * maar eindig laaste herhaling met aw3, r1, i.p.v. met aw5.

9e ry: R5, *gv, g2rtgo, gv, r7; herh van * tot laaste 8 ste, gv, g2rtgo, gv, r5.

10e ry: R1, aw2, *r2, aw3; herh van * tot laaste 5 ste, r2, aw2, r1.

11e ry: R2, *gv, grtgo, aw1, gon, g2rtgo, grn, aw1, r2tes, gv, r1; herh van * tot laaste st, r1.

12e ry: R1, aw3, *r1, aw3, r1, aw5; herh van * tot laaste 9 ste, (r1, aw3) 2 keer, r1.

13e ry: R3, *gv, grtgo, gv, g2rtgo, gv, r2tes, gv, r3; herh van * tot einde.

14e ry: R1, aw2, *r1, aw5, r1, aw3; herh van * tot laaste 10 ste, r1, aw5, r1, aw2, r1.

15e ry: R3, *aw1, r1, gv, g2rtgo, gv, r1, aw1, r3; herh van * tot einde.

16e ry: Soos 14e ry.

Dié 16 rye vorm die patroon.

VOOR- EN AGTERPANT (eenders): Stel 73(83; 93) ste op en brei pat tot werk 27 cm lank is vanaf begin, eindig met 'n VK-ry – ▼.

Mousgatvorming: Heg 5 ste af aan beg van vlg 2 rye – 63(73; 83) ste.

Brei pat, met 3 rs-st aan weerskante van ry tot werk ongeveer 52 cm lank is vanaf begin, eindig met 'n 5e pat-ry. Heg af.

AFWERKING: Werk skouernate toe, maar laat 24 cm in middel oop vir hals. Werk synate toe.

Wasaanwysings: Was met die hand in lou water (gebruik versagmiddel, indien nodig). Plaas paar oomblikke in wentel-droër of pars oortollige water met die hand uit; hang aan wasgoedlyn om droog te word. ●

KANT EN KLAAR VIR ALLES!